

**24 Junie**

**Skrifgedeelte: Nehemia 5  
Fokusgedeelte: Nehemia 5:6,7**

**Uitbuiting van jou medemens deur God verbied**

Die ongelykheid van inkomste en besittings bring eeue lank spanning in gemeenskappe. Die klagtes oor uitbuiting van die armes het Nehemia hewig ontstel. Daar was hongersnood. Die ryker mense het genoeg gehad, maar die arm mense moes hulle wingerde en plase vir oorlewing verpand. Selfs hulle seuns en dogters is as slawe verkoop. In 'n volksvergadering is die vooraanstaandes en ampsdraers tot verantwoording geroep.

Die onreg teenoor hulle eie volksgenote is oopgeplek. Daadwerklike bekering is geëis: Eiendom wat afgeneem was moes teruggegee word en een persent van die geleende geld en kos moes kwytgeskeld word. 'n Eed is voor God afgelê dat hulle nie weer die minderbevoorregtes sou uitbuit nie.

Hoeveel onreg vind daar nie in ons gemeenskap plaas nie? Weduwees en ander weerlose mense word deur gewetenlose besigheidsmanne verkul, arm mense word deur oneerlike winsjagters in groter ellende gedompel en grond val in die besit van rykes en magnate. Meer en meer word ingepalm sonder om aan die belange van ander mense te dink.

Die Here eis liefde tot God en liefde tot ons naaste. Daarom mag geen uitbuiting plaasvind nie. Veral in die kerk moet na minderbevoorregtes omgesien word. Tree ook regverdig op in jou omgewing. sien om na diegene wat gebrek ly. Vermaan diegene wat uitbuit. Roep tot daadwerklike bekering op en gee die eerste tree as jy skuldig is.

*Sing: Psalm 146:5,7*

*Dr WC Opperman (Windhoek-Suid)*